# Poppekas- 29 Okt 2023

# Tema: Alles behoort aan die Here

(Voor die poppekas leer Ds. MG die gemeente Psalm 24:1, met bewegings)

(Wysmuis pop self uit en verras die maatjies)

Wysmuis: Hallo aan al die maatjies!! Dit is vir my sooooo lekker om by julle te kuier.

Wysmuis Maatjies, ek het vandag vir GEEL en Stoffel saamgebring!......Mmmmm, maar ek wonder waar hulle nou is? Laat ek maar gou gaan kyk ……

(verdwyn agter die skerm en roep vir Stoffel en Wouter)

Stoffel [gaap-gaap]……..Môre Maats.

Geel [ook vakerig]……Hallo Hallo Hallo, hier is ekke....

Wysmuis Stoffel en Wouter, het julle dalk gisteraand die rugby gekyk?

Stoffel Jaaaaaaa en dit was...(Wen: Sing we are the Champions/ verloor: Wie gee nou eintlik om oor Rugby ons almal weet die Proteas gaan die krieket wêreld beker wen)

Geel Ek het ook gekyk en vir my was dit .(Wen of verloor)..............................................

Wysmuis Jaaaaaa, ek is ook maar nog n bietjie moeg….. Nou ja…….het julle gehoor dit is vandag Tiendemaand dankoffer Sondag.

Geel O, neeeeeeee……dis teveel GROOT woorde vir my…..Wat is dit, Wysmuis?

Wysmuis Dit is die eenkeer ‘n jaar wanneer ons kerk , die mense uitnooi om te gee.

Stoffel: Ohhhh, my Pa sê altyd, die kerk wil net hê ons moet gee. Dit is hoekom hul dit die EN GEE kerk noem. Elke keer. EN GEE... En GEE. EN GEE

Wysmuis: Stoffel, jy moet versigtig wees, ek gaan vir DOMINEE EM GEE op jou sit, as jy aanhou so praat van die kerk.

Geel Ek hou nie van gee nie. Gee is vir die maatjies wat baie het. Wat myne is , is MYNE!

Stoffel: Ek hou ook nie daarvan om te gee nie. Nou die dag, toe koop ek vir my 'n pakkie Niknaks by die skool snoepie. En toe gee ek vir almal daarvan, maar toe ek ook 'n chippie wil eet, toe is daar net mooi niks oor vir my nie…GMMMF.

Geel: Ja, Stoffel dit het met my ook al gebeur, hulle het al my Flings geeet….en jy weet hoe groot is daai pakke. EK dink net die maats met baie geld en met baie kos in hulle kosblikke, dit is hulle wat moet GEE.

Wysmuis: O, Nee! NEE! Stoffel, Geel, ek stem glad nie saam met julle twee nie. Weet julle dat God vir julle en vir my en vir ons almal hierso so baie gegee. En dit is dan ons manier om vir Hom dankie te se deur ook vir ander te gee en ook ons goed met ander te deel.

Stoffel OOOOOO……..Is dit wat ons nounou met die bewegings probeer sê het? Huh, Wysmuis ??

Wysmuis: Ja dit is. Psalm 24 vers 1 sê die Aarde en Alles wat daarop is, die wêreld en die wat daarin woon, alles behoort aan die Here. Dit beteken dat ons moet weet Jesus het vir ons so baie gegee, dat ons ook vir ander kan gee.

Stoffel: Ja, nou verstaan ek ook Wysmuis. So OM TE GEE en om OM TE GEE is gesond vir ons almal. Want eintlik het God vir ons alles gegee wat ons het.

Geel: Ja, ja Stoffel. Wanneer jy gee, dan kry jy ook soms meer terug. Soos die dag, toe ek vir iemand 'n drukkie gegee het, toe kry ek sommer baie soentjies en drukkies terug.

Wysmuis: So Maatjies, ons wil julle uitnooi, om nie skaam te wees om te gee nie. Dit is goed vir jou om te gee want die Aarde+Die wêreld en alles behoort aan die Here.

Stoffel: Okay maats, BAAII

Geel: TOTSIENS Maaitjies.